

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

Woorddiens

Tema: Wat sal jy vir jou kinders bid of wat sou jou ma se gebed vir jou wees?

Skriflesing: Johannes 17:1-11 (1953)

¹ DIT het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik —

² soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.

³ En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

⁴ Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.

⁵ En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

⁶ Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.

⁷ Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom.

⁸ Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.

⁹ Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.

¹⁰ En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne; en Ek is in hulle verheerlik.

¹¹ En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.

Broodjies vir die pad

Paus brengt christenen, joden en moslims bijeen

Marcel Poorthuis

Waar diplomatie en geweld niet meer helpen, kan paus Franciscus een bijdrage leveren, meent theoloog Marcel Poorthuis.

Het bezoek van paus Franciscus betref drie landen: Israël, Palestina en Jordanië. Dit laatste land werpt zich op als vredestichter in het Midden-Oosten en wil een tolerant beleid voeren ten opzichte van religieuze minderheden. De positie van de Arabische christenen in het Midden-Oosten is complex. Ze voelen er niets voor om het Westen als bondgenoot te krijgen tegen zoiets als het moslimfundamentalisme. Daarmee zou hun positie als loyale Arabieren worden geschaad. Toch weten ze heel goed welke dreiging christenen boven het hoofd hangt als het moslimfundamentalisme de politieke macht krijgt en pan-Arabisme plaats maakt voor pan-Islamisme. Palestijnse

christenen vermijden dat probleem echter liever óók, omdat Israël er politiek munt uit kan slaan. Voeg hierbij nog dat de verhouding van de orthodoxe christenen tot Rome 50 jaar na de ontmoeting tussen Athenagoras en paus Paulus VI wel is verbeterd, maar toch nog gespannen is en het is duidelijk dat paus Franciscus een uiterst delicate tocht heeft volbracht.

De paus begon in Jordanië, waar Johannes de Doper, voor moslims Jachja al-nabi, Christus heeft gedoopt. Mozes overschouwde vanaf de Jordaanse berg Nebo het beloofde land, dat hij nooit zou betreden. De eucharistieviering was een hommage aan alle christenen in het Midden-Oosten. Door een bezoek aan een Palestijns vluchtelingenkamp werd hun lot weer eens zichtbaar voor de wereld. Ook de Iraakse en Syrische vluchtelingen wisten zich gesteund door de paus. Koning Abdullah van Jordanië sprak tegenover de paus over de 'common ground', waarmee hij verwees naar de islamitische verklaring die het gemeenschappelijke erfgoed van christenen en moslims benadrukt. Liefde tot God en liefde tot de naaste, dat is die common ground. Heel wat protestanten kunnen daarmee trouwens beslist niet instemmen. In Nederland bleef deze verklaring vrijwel onopgemerkt.

Historisch

De entrée van de paus in het stadion van Amman leek wel een finale van het Songfestival: het enthousiasme van de Jordaniërs en het charisma van de paus sloten wonderwel op elkaar aan.

De ontmoeting met de orthodoxe patriarch van Constantinopel, Bartholomeüs I was historisch: de twee leiders van kerken van Rome en Constantinopel, teruggaand op de apostelen Petrus en Andreas, herkenden elkaar als broeders in het geloof. Of Rome de belangrijkste is van de vijf steden waar een patriarch aan verbonden is moet nog worden opgelost. De meer theologische geschillen over de Drieëenheid zijn alleen voor specialisten te volgen.

Deze paus is op zijn best in gebaren, die veel meer impact hebben dan ingewikkelde theologische verklaringen. Zo was daar het unieke en niet geplande beeld van paus Franciscus biddend bij de muur die Bethlehem aan drie zijden omringt. Hiermee werd deze grimmige barrière die het dagelijks leven voor de Palestijnen ernstig belemmert, tot een nieuwe 'Klaagmuur'. Evenzo drukte de roerloze gestalte van deze paus bij de kranslegging in Yad Washem, ter herdenking van de Shoah, een bewogenheid uit die woorden niet kunnen zeggen. Het gebed met het herhaalde: 'mens, waar ben je?' was zowel aanklacht als bede om vergeving.

Subliem was ook de uitnodiging van de paus aan de presidenten Peres en Abbas voor vredesbesprekingen en gebed in het Vaticaan. Geen pretentie de oplossing te bieden, wel de wil om mensen bij elkaar te brengen. Groot gejuich klonk op uit de menigte van Palestijnen. Beide presidenten konden niet weigeren. Deze paus onderkent dat het joodse volk recht heeft op veiligheid - de veroordeling van de aanslag in Brussel kon niet actueler - maar ziet ook dat dat niet telkens als alibi kan dienen voor de nederzettingenpolitiek. In dit vastgeroeste conflict is de vrede verder weg dan ooit. Wellicht brengt zijn kwetsbare gebed om vrede een ommekeer teweeg, waar zowel diplomatie als geweld allang niet meer helpen.

<http://www.trouw.nl/tr/nl/4328/Opinie/article/detail/3663560/2014/05/29/Paus-brengt-christenen-joden-en-moslims-bijeen.dhtml>

Hunkering na die onfeilbare kinderwêreld

Anim van Wyk

My ma sê altyd ons lewe in 'n weggooikultuur. As iets breek, smyt 'n mens dit in die asblik en koop 'n nuwe een.

Dan vertel sy van die dae toe motors nie sommer afgeskryf is nie, maar die duike uitgeklop kon word.

Ek bereik nou die ouderdom waar ek begin verstaan waarvan sy praat. En oortuig raak goed het vroeër gehou omdat dit eenvoudiger was. (Ook die soort nostalgiese rubriek skryf wat ek my voorgeneem het ek nooit sou nie.)

Ek was deel van die eerste TV-generasie en kan nie 'n tyd sonder ons bruin National-TV in die sitkamer onthou nie.

'n Mens moes opstaan om die silwer knoppies langs die kant vir TV1, 2, 3 en 4 te gaan druk en onderaan was 'n laai met wiletjies waarmee 'n mens woer-woer die kanale ingestel het.

Maar die National was meer as net die ontvanger van beeldmateriaal. Vir my het dit 'n sentrale plek in daardie eiesoortige heimwee waarmee 'n mens jou kinderdae onthou.

Soggens het ek en my boetie opgestaan met Goeiemôre Suid-Afrika, Linda Kriel op aerobics (het enigiemand ooit saamge oefen?) en die strokiesprent Grootbek en Katvis net voordat ons skool toe moes ry.

Ek onthou hoe ons 'n Wimbledon-toernooi afgewag het en ek tussen wedstryde buitentoe gehardloop het om balle teen die muur te gaan slaan, hoogs geïnspireer.

As gesin het ons na reekse gekyk soos Sonkring, Torings en Ballade vir 'n enkeling, onoortreflik in my herinneringe.

Nes die meeste ander kinders wat ek geken het, want die volgende dag het almal by die skool oor die vorige aand se episode gepraat.

Ek kan nie onthou wat uiteindelik van die National geword het nie, maar dit was eers baie jare later dat ek my eie TV kon koop.

Ek onthou hoe ek verwonderd met die platskerm onder my arm by die trappe opgestap het. Daardie National kon 'n mens nie sommer self geskuif het nie.

Maar einde verlede jaar het my bewondering vir die platskerm lelik platgeval. Eers het iets fout gegaan met sy binnegoed.

Dit was amper asof 'n poltergeist die huis betrek het: Die TV sou snags vanself aanskakel sodat die grys van 'n leë kanaal spookagtig oor die skerm ruis.

Of ek sou nog na Downton Abbey kyk wanneer die klank vanself tot 0 versag.

Wat dan ontaard het in 'n bakleiery met die afstandbeheer wat die TV/poltergeist telkens gewen het.

Toe pienk en groen strepe op die skerm begin verskyn, het ek die TV onder my arm getel en afgesit na Samsung se dienssentrum.

Vanoggend kry ek 'n e-pos: Kom haal jou TV.

“Not repaired – Parts obsolete.”

Ek is verslae. 'n TV wat net vyf jaar hou en dan nie eens reggemaak kan word nie?

Ek verlang na daardie mitiese National. Maar waarna ek eintlik hunker, is die onfeilbaarheid van my kinderwêreld.

<http://www.beeld.com/opinie/2014-05-29-hunkering-na-die-onfeilbare-kinderwreld>

Brood vir die pad

Iets kosbaars wat soms swaarkry behels

Wilhelm Jordaan

Advertensies versoek gereeld mense om hulle vir navorsing aan te meld as hulle al weke lank aan sekere simptome ly – soos neerslagtigheid, belangeloosheid in die lewe, slaaploosheid en min energie.

Sulke navorsing wat nuwe farmaseutiese middels toets, is belangrik omdat al hoe meer mense baie stres beleef en diep ongelukkig is.

Bowendien is daar sekere toestande, soos biologies gedrewe depressie, wat sonder mediese behandeling lewensgevaarlik kan wees.

Durf 'n mens dan krities wees oor medies-farmaseutiese oplossings vir kwellings van die gees – juis weens 'n soort pilbeheptheid wat meebring dat daar vir haas elke sielkundige simptome voorskryfbare medisyne is?

Die kritiek berus daarop dat sulke middels dikwels verslawend werk, soms skadelike nuwe-effekte het en die simptome in wisselwerking met ander middels kan vererger.

In Gerard Donovan se roman Doctor Salt word mense se pilbeheptheid en die verwoestende uitwerking daarvan op lewensgeluk met wrang satire blootgelê.

Om elke hoek en draai is daar flitsende advertensies wat 'n rits onaangename simptome noem. Dit dui dan op nuwe siektes waaraan mense moontlik ly. Hulle word dan genooi om as proefkonynne die medisyne daarvoor te gebruik.

Die hekeling met “nuwe” siektenaam ontsnap 'n mens nie. Daar is “seasonal anxiety disorder” (SAD); “combined internet symptoms” (CIS); “acute envy dysfunction” (AED); “web reflex disorder” (WRD); “aggravated sensitivity syndrome” (ASS); en “concealed anger response” (CAR).

Die verhaalkarakters ken elke siekte-afkorting.

Hulle praat, kla, sry en spog vryelik daarvoor en besoek geesdriftig mediese webwerwe met name soos drugs@yourfingertips.com.

En dié middels word bestel, getoets en uitge-ruil met die uitsluitlike doel om elke belewenis van ongelukkigheid en melankolie te besweer.

Die afloop van dié droewige verhaal is nie hier ter sake nie – wel die simboliek van die boektitel, Doctor Salt, soos dit in die verhaal tereg kom en waarin daar nie 'n dokter-karakter met dié van is nie:

Sout is die wêreld se oudste natuurlike preserveermiddel. Dit is van die aarde. Dit bewaar, genees en is, chemies gesproke, 'n sediment of bestanddeel in vele middels.

Sout kan dan simbolies verstaan word as die essensie van lewe; die onbederfbare en die onomkoopbare – iets kosbaars wat soms net deur pyn en swaarkry verkry kan word. Juis dít is die ondertoon van die verhaal.

Waarmee gesê word geluk lê allereers in jouself; in die eenvoud van die oënskynlik geringe dinge soos liefde, sorg en gemeenskap tussen mense; en in die aanvaarding dat geluk nie tot elke prys nagejaag hoef te word soos die pilkultus dit voorhou nie.

<http://www.beeld.com/opinie/2014-05-27-iets-kosbaars-wat-soms-swaarkry-behels>